



Vak: Graad 8 Afrikaans: Huistaal

Onderwerp: Afrikaans HT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 93 Punte

1. waar 2 punte

Verduideliking:

Bv. Ek skop die bal.

Ek = onderwerp, speel = gesegde, die bal = voorwerp

2. homofoon | paroniem 4 punte

Verduideliking:

Homofone is woorde wat dieselfde klink, maar anders gespel word en dus van betekenis verskil.

Paronieme is woorde wat dieselfde stam het, maar verskil in betekenis.

3. waar 2 punte

Verduideliking:

Al drie die woorde dui op die emosie **hartseer** en is dus sinonieme.

4. Wie | Daardie | Iemand 6 punte

Verduideliking:

Vraende voornaamwoorde = Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom: dis by vraagsinne.

Aanwysende voornaamwoorde = hierdie, daardie, dié: dit wys iemand/iets aan.

Onbepaalde voornaamwoorde = iemand, almal: dis nie spesifiek nie.

5. Alliterasie 3 punte

Verduideliking:

Alliterasie is die **herhaling** van **dieselfde konsonante** in 'n versreël - meestal aan die begin van woorde, byvoorbeeld:

- Die **D**rie **D**rake **D**room **D**ikwels **D**odelike **D**rome
- “**K**ind nog **k**raai”
- **S**annie **s**al **s**ewe **s**out **s**leep, **s**ewe **s**akke **s**out is **s**waar **s**owaar.

6. onwaar 2 punte

Verduideliking:

Spanmaat is die antoniem van opponent. 'n **Opponent** word ook 'n **teenstander** genoem.



7. onpersoonlik | onpersoonlike

4 punte

Verduideliking:

"Dit" is 'n onpersoonlike voornaamwoord, hael is die onpersoonlike werkwoord.

8. peperduur

3 punte

Verduideliking:

Spotgoedkoop is die intensiewe vorm van goedkoop. Duur moet dus ook in die intensiewe vorm (peperduur) gegee word.

9. twee | maar

4 punte

Verduideliking:

'n Veelvoudige sin het twee hoofsinne en word verbind met "en" of "maar".

Albei sinne het ewe veel waarde.

10. B: Klanknabootsing en vergelyking

4 punte

Verduideliking:

- 'n **Vergelyking** is 'n naasmekaarstelling van dinge om die ooreenkoms of verskil te vergelyk; stylfiguur. Woorde soos **soos** en **net soos** of **nes** word gebruik om aandag op die vergelyking te vestig.

- **Klanknabootsing** is die gebruik van woorde om die klanke wat hulle beskryf, te skep.

11. B: Die gesegde is die werkwoord in die sin en vul die onderwerp aan.

4 punte

Verduideliking:

Die gesegde vertel meer van die onderwerp.

Die tiener = onderwerp, eet = gesegde.

12. B: Die son skyn.

4 punte

Verduideliking:

Wanneer 'n werkwoord nie 'n voorwerp aanneem nie, word die werkwoord "**onoorganklik**" genoem.

- Die son (onderwerp) skyn (skyn).

13. hard | "hard"

3 punte

Verduideliking:

Die woord "hard" verwys na hoe (die wyse waarop) die man die bal skop (werkwoord).

'n Woord wat verwys hoe 'n aksie uitgevoer word, word 'n bywoord van wyse genoem.



14. waar

2 punte

Verduideliking:

Bv. "herken", "erken" en "beken" is almal van die stamwoord "ken" afkomstig en is dus paronieme.

15. onwaar

2 punte

Verduideliking:

Dikwels en **gereeld** is sinonieme en dui op dieselfde gereelde handeling.

16. Iets is besig om te gebeur. | Iets behoort te gebeur.

3 punte

Verduideliking:

Die **infinitief** vertel vir ons meer van die werkwoord:

Iets gebeur: iets is besig **om te** gebeur. Iets behoort **te** gebeur.

17. A: Herhaling of repitisie

4 punte

Verduideliking:

Dieselfde woorde of idee word oor en oor in dieselfde reël of gedig gebruik:

Vlaktes, vlaktes net waar jy kyk.

18. A: Die vrou het die boek geskryf.

4 punte

Verduideliking:

Hulpwerkwoorde is werkwoorde wat saam met die **hoofwerkwoord** gebruik word. Dit **help die werkwoord** en die **sin** om in 'n ander **tydsvorm** te wees. Die hulpwerkwoord "**het**" dui die verlede tyd aan.

- Die vrou **het** die boek geskryf.
-

19. doelbewus

3 punte

Verduideliking:

Antonieme is woorde met teenoorgestelde betekenisse.

per abuis = per ongeluk

doelbewus = opsetlik

20. B: Die kinders hardloop daar.

4 punte

Verduideliking:

'n Bywoord van plek dui aan **waar** 'n werkwoord / handeling plaasvind.

Waar (plek) hardloop die kinders? **Daar**.



21. onwaar

2 punte

Verduideliking:

'n Onderskikkende sin is wanneer die saamgestelde sin uit een of meer hoofsin en een of meer onderskikkende sinne of bysinne bestaan.

Die sin wat saam met die voegwoord gaan, is altyd die bysin or onderskikkende sin.

22. koeplet | kwatryn | sestet

6 punte

Verduideliking:

'n Strofe bestaande uit 2 versreëls word 'n **koeplet** genoem.

'n Strofe bestaande uit 4 versreëls word 'n **kwatryn** genoem.

'n Strofe bestaande uit 6 versreëls word 'n **sestet** genoem.

23. titel | digter | verteller | tema

4 punte

Verduideliking:

Die naam van die gedig is die **titel**, die skrywer van die gedig is die **digter**, die een wat die verhaal vertel is die **verteller** en die hoofgedagte van die gedig is die **tema**.

24. kos

3 punte

Verduideliking:

Paronieme - woorde afgelei van die dieselfde stam of basisvorm of in dieselfde familie:

Die stamwoord van **kos**baar; **kosteloos**; bek**ostig**; **kostelik**; **koste** is **kos**.

25. B: "met die haelgeweer" en "met die klein ogies"

4 punte

Verduideliking:

Byvoeglike bepalings (woord of sinsnede) beskryf die onderwerp of voorwerp (selfstandige naamwoorde) in die sin.

26. A: tuinwerktuig

4 punte

Verduideliking:

'n **Homoniem** is 'n woord wat dieselfde klink en dieselfde gespel word as 'n ander woord, maar 'n heeltemal ander betekenis en oorsprong het, byvoorbeeld:

- **as**: oorblyfsels na 'n brand; onderdeel van 'n motor; indien



Verduideliking:

'n **Eufemisme** of **versagting** is 'n woord, sinsdeel of soms 'n hele sin waarmee iets **mooier of vriendeliker voorgestel word as wat dit werklik is**. Die felheid daarvan word dus met versagtende woorde of uitdrukkings verbloem, byvoorbeeld:

- In stede van te sê dat iemand 'n dief is, sê ons **hy of sy het lang vingers**,
of
- as iemand dood is, sê ons die persoon het **sag heen gegaan**.

Totaal: 93 Punte